Geregistreer aan die H.P.K. as ... blad










DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 15 NOV. 1944. No. 52.

## GENL. HERTZOG SE ERFLATING AAN O.B.

**Genl. J. A. Smith gee onderstaande oorsig van wyle genl. Hertzog se bydrae tot formulering van die O.B.-beleid, soos afgedruk in sy handskrif hieronder. (Dit sal aanstaande week twee jaar gelede wees dat genl. Hertzog sy volk ontval het):**

Onderstaande handskrif is dié van wyle genl. Hertzog. Tydens 'n besoek aan die Generaal, etlike maande voor sy dood, het ons saam die koers wat gevolg moet word, bespreek. Generaal Hertzog het lank voor dit, getuie sy ope-brief aan die volk, soos indertyd in Die Vaderland gepubliseer, die liberalistiese partystelsel as die oorsaak van die voortdurende „twis en politieke geskarrel" wat nêrens toe lei nie, afgekeur. **Al weg wat hy vir die volk oopgesien het, was dié van 'n volksbeweging, waarin al die verskillende groepe eindelik saamgevoeg sou word.**

By ons vertrek, toe ons na die motor stap, vra ek hom of hy nou die koers, gesien uit die standpunt waarop ons eens is, kort, samevattend op skrif sou stel ter leiding van die volk. Generaal het my op die oomblik nie verstaan nie en geantwoord: „Nee, 'n mens leef en voer dit uit". Ons het toe vertrek en ek het my voorgeneem om hom later te verduidelik wat ek wou hê.

'n Maand of wat later, die dag voor sy vertrek na die hospitaal, kom ons weer by hom en meteens trek hy sy laaitjie oop en haal bostaande uit met die woorde: „Toe u wegtrek, skiet dit my binne wat u van my wou hê. Hier is dit". Hy lees toe met nadruk dit voor en verduidelik wat hy met elke sin bedoel. **„Dit", sê hy, „is die enigste grondslag van 'n toekomstige nasionale, politieke, ekonomiese en sosiale beleid". Ons het hom bedank en gesê dat ons dit aanvaar as die grondslag van die hele doel en strewe van die Ossewabrandwag. Dit was hierdie onvergeetlike volksleier se bydrae tot ons Volksbeweging.** Wanneer ons almal eendag stof is, sal hierdie koersstelling nog bly as die enigste Christelike en nasionale grondslag. Wie na iets anders streef, streef na volksvernietiging.

**HANDSKRIF VAN WYLE GENL. J. B. M. HERTZOG**



Die stadium van ontwikkeling van
die Europese mensdom met sy ingewikkelde
ekonomiese en maatskappelike bestaans-
lewe, vereis vandag 'n herskepping van die
grondslae en instellinge van sy staatkundige
en maatskappelike bestaans- en bedryfs-
lewe, op die basis van
'n Christelik-nasionaal
Republikeinse
gesag-staat
geleid en gevoerd naar die beginsels en beleid van
'n Suid-Afrikaans-nasionaal
Sosiale aard,
wat sig aanpas by die
lewenswyse
morele opvattinge en
godsdienstige beskouinge
van die Afrikaner volk
en wat streef naar die hoogste en meest al-
gemeen uitgebreide mate van
Volksgeluk en Volkswelvaart, beide
geestelik en stoffelik

## KERK EN BESIGHEDE MOET O.B.'s UITSKOP

### Dr. Malan se Advies

**Dr. Malan het op 3 November te Porterville weereens 'n beroep op die kerk en sake-ondernemings gedoen om teen die Ossewabrandwag op te tree. Volgens Die Burger en Volksblad van 4 November het sy woorde as volg gelui: „Die O.B. probeer vandag om oral in organisasies, liggame en sake-ondernemings in te kom om beheer van binne in te palm. Spr. het sy waarskuwing herhaal, naamlik dat ons dienaangaande sal moet wakker loop. Soos op Uitenhage waarsku hy eweneens die kerk".**

## *HANDSKRIF VAN WYLE GENL. HERTZOG*

*Newegaande stuk in wyle genl. Hertzog se handskrif, wat ook opgeneem is in die Grootraad se bekende manifes van November 1943, lui woordeliks as volg:*

*„Die stadium van ontwikkeling van die Europese mensdom met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike bestaanslewe, vereis vandag 'n herskepping van die grondslae en instellinge van sy staatkundige en maatskaplike bestaans- en bedryfslewe, op die basis van 'n Christelik-nasionaal Republikeinse gesagstaat geleid en gevoerd naar die beginsels en beleid van 'n Suid-Afrikaans-nasional(e) Sosiale aard, wat sig aanpas by die lewenswyse, morele opvattinge en godsdienstige beskouinge van die Afrikaner volk en wat streef naar die hoogste en meest algemeen uitgebreide mate van Volksgeluk en Volkswelvaart, beide geestelik en stoffelik."*

## FEESMAAL GEREËL VIR GEÏNTERNEERDES

**Die Ossewabrandwag is voornemens om weer vanjaar vir die geïnterneerdes in Koffiefontein 'n Kers- en Nuwejaarsmaal te reël. Van die Vrystaatse gebiedskantoor gaan 'n oproep uit tot alle lede om bydraes vir dié doel wat in die vorm van geld of eetware verskaf kan word. Geld moet na die Gebiedskantoor in Bloemfontein (posbus 663) gestuur word en bederfbare ware aan mev. T. A. Immelman, Kerkstraat, Koffiefontein.**

**LAAT ONS DINK AAN ONS KAMERADE AGTER DIE DORINGDRAAD!**

## SEEPKIS VAN £¾ MILJ.

Die Britse Laerhuis, wat deur 'n bom beskadig is, word eersdaags vervang deur 'n nuwe gebou teen 'n beraamde koste van £784,000. Die berig uit Londen lui as volg: **„Die nuwe saal, net soos die oue, sal net vir 437 uit die 615 lede plek hê, maar sitplekke vir besoekers en persmanne word vermeerder van 352 tot 487".**

Byna tweehonderd parlementslede sal dus nog nie plek hê in die nuwe parlementsgebou van Engeland nie! **Die Britte ken die partystelsel te goed om geld te mors op iets wat van geen waarde is nie. Hulle weet dat tweehonderd parlementslede en meer altyd afwesig sal wees, want net die enkele lede wat die partyswepe aanwys, mag praat.**

**Daarenteen word meer plek afgestaan aan besoekers en persmanne. Die groot taak van die parlement is mos nie om te regeer nie, maar om propaganda te maak. Dit is 'n politieke sirkus en hoe meer toeskouers hoe beter. Hoofsaak is dat die pers die propaganda-toesprake uitdra na die stemvee. Daarvoor is 'n parlement daar — nie om te regeer nie. Dit is die amptelike seepkis vir die politieke partye.**



DIE O.B., WOENSDAG, 15 NOV. 1944.

# „Skop Uit!"

Om die volk te verenig buite en bo die partypolitiek was een van die hoofideale van die Ossewabrandwag. Die ingevoerde partypolitiek was dan ook die vernaamste vyand van die Ossewabrandwag omdat dit ons volk magteloos verdeeld gehou het. **Maar juis om hierdie standpunt van hom is hy deur partypolitici wat op volksverbrokkeling teer, tot openbare vyand nommer een verklaar.** Die regeringsparty sowel as die opposisie-party stem op hierdie punt saam dat die Ossewabrandwag vernietig moet word of hul partye gaan verdwyn.

Nou word daar deur die politici beweer dat die Ossewabrandwag die groot volkskeurder is, en 'n studenteblad moes 'n paar weke gelede hom heftig verdedig teen die aantyging dat die A.N.S. deur die Ossewabrandwag geskeur is. **Die leier van die A.N.S. het tereg teengewerp dat dit 'n opgestookte groep H.N.P.-lede was wat die A.N.S. verlaat het, en dat die A.N.S. vandag sterker staan wat geesdrif sowel as getalsterkte betref as in 1939 — voor die Ossewabrandwag op die toneel verskyn het.**

**Wie het dan geskeur? Is dit nie die partypolitiek wat ook hier verdeeldheid en verbittering gebring het net soos dit verdeeldheid bring binne die kerk, die volkslewe, die gesinslewe en in die arbeidersgeledere nie?** Die Ossewabrandwag daarenteen het nog niemand beveel om uit enige organisasie te bedank nie — selfs nie uit die partye wat hom tot die dood toe vervolg nie. **Nog steeds het die oproep van die O.B.-leiding uitgegaan: moenie jul party bedank nie; moenie jul vakbonde bedank nie, moenie kant kies nie!** Hoe kan ons dan die volk skeur? Die skeuring word mos veroorsaak deur die man wat sê: bedank uit die ander organisasies; bedank eers jou party voordat jy by my welkom is!

**UIT WERK EN KERK**

Op verskeie plekke het dr. Malan in die jongste tyd alle organisasies, liggame, sake-ondernemings en selfs die kerk teen „indringing" van die Ossewabrandwag gewaarsku. **Wat beteken dit anders as dat hy hierdie organisasies vra om te belet dat O.B.-lede toegang tot hulle het?**

Dr. Malan het alles in sy vermoë gedoen om ontslae te raak van O.B.-lede wat nog sy party wou dien. Eers het hy hulle verbied om ampte daarin te beklee. Hulle was goed genoeg om „ongeskoolde" arbeid vir die party te verrig sonder seggenskap. Uiteindelik het hy opdrag gegee dat alle O.B.-lede uitgeskop moet word. So vrywaar hy sy party teen „O.B.-indringing". **As hy ander organisasies, sake-ondernemings en die Kerk aanraai om wakker te loop teen O.B.-indringing, dan spreek dit vanself dat hy hulle aanraai om sy beproefde voorbeeld te volg — om uit te skop. O.B.-lede mag dus nie meer 'n plekkie kry in enige Afrikaanse besigheid nie. Hulle moet uitgeskop en werkloos gestel word.** Dit is die advies van die groot volksleier en volksman aan die voorpunt van 'n politieke party!

Ook die kerk word opgeroep om deel te neem aan hierdie algemene uitwerping van mede-Afrikaners wat nie meer die afgod van partypolitiek wil aanbid nie. Mnr. Eric Louw het lang briewe in die koerante geskryf waarin hy verklaar dat hy nie kan sien hoe die kerk O.B.-mense in sy midde kan toelaat nie. Die Transvaler van 1 Augustus bevat die volgende sinsnede uit 'n brief van hom: **„Ook die kerk sal sy plig moet doen. Met die informasie wat tot sy beskikking is, kan ek nie sien hoe ons kerk kan toelaat dat persone wat aan so'n organisasie behoort en hulle dus met sy metodes vereenselwig, enige kerklike ampte kan beklee nie — ditsy as leraar, ouderling of diaken"** — en na die voorbeeld van dr. Malan, eindelik ook lidmate, kon hy daaraan toegevoeg het.

So word partyverbrokkeling ingedra in elke organisasie van die Afrikanerdom totdat ons volkseenheid onherstelbaar vernietig sal wees. Die Ossewabrandwag vra geen organisasie om 'n lid van een van sy teenstanders uit te skop nie. Ons wil verenig buite en bo die partypolitiek.

# Die Oorlogsfronte en Wensdenkery

(Deur prof. J. A. Wüd)

Dit is nou ongeveer twee jare gelede dat die Geallieerdes, na 'n ononderbroke reeks van nederlae, met hul offensief in Noord-Afrika en Rusland begin het. Sedert November 1942 is die Spiltroepe uit Afrika, uit die Middellandse See, uit die grootste gedeelte van Italië, uit België, uit byna die hele Frankryk en uit Griekeland verdryf. Aan die oostelike front was die Russiese bondgenoot nog meer suksesvol. Nie alleen is 'n ontsaglike gebied van die Sowjet-Unie ongeveer ten weste van 'n lyn van Leningrad tot Stalingrad en Kaukasië van Duitse troepe bevry nie, maar die Russe staan vandag op die grensgebied van Oos-Pruise, voor die poorte van die Poolse hoofstad, in Slowakye, Hongarye en Suid-Slawië. Die vyande van Duitsland staan vandag in die weste sowel as in die ooste op of naby die gebied van die Reich. Dit is alleen in die noorde en die suide dat die Geallieerdes nog nie dig voor die Duitse grense staan nie. Nie alleen het die Geallieerdes op territoriale gebied geweldige suksesse op Duitsland behaal nie, maar deur die kapitulasie van Italië, Bulgarye, Roemenië en Finland het die Reich ook 'n hele aantal bondgenote verloor.

Hoewel Geallieerde oorwinnings en Duitse terugslae gedurende die afgelope twee jaar nie onderskat mag word nie, is dit ook gevaarlik om hulle te oorskat. Oorskatting van eie suksesse voer maklik tot onderskatting van die vyand en tot wensdenkerige optimisme. So het b.v. die suksesvolle Brits-Amerikaanse veldtog in Frankryk aan wensdenkers die geleentheid verskaf om te voorspel dat die oorlog in Europa voor die winter van 1944-1945 beëindig sal wees. Ons onthou nog wat premier Churchill oor „herfsblare" te sê gehad het. Militêre kommentators en selfs opperbevelhebbers soos Montgomery was die mening toegedaan dat die finale oorwinning reeds in die hand was.

Die jongste militêre gebeure het egter bewys gelewer dat die Duitse weerstand nie alleen nie gebreek is nie, maar dat hy in Oos-Pruise, in Holland, in Wes-Duitsland, Frankryk en Italië nog in staat is om hard terug te slaan en selfs onaangename verrassings soos by Arnhem te lewer. Dit is natuurlik waar dat die Geallieerdes steeds nader aan Duitsland kom, dat Geallieerde bomwerpers Duitse stede en nie Duitse bomwerpers Britse stede bestook nie en dat die Duitse duikbote opgehou het om 'n ernstige gevaar vir die Geallieerdes te wees. Dit is egter ook waar dat die Duitse vegmoraal nog geensins gebreek is nie, dat hulle met 'n aantal nuwe revolusionêre wapens soos die V1 en die V2 voor die dag gekom het en dat ook die Geallieerdes 'n legio sorge van hulle eie het.

## DIE OORLOGSFRONT IN DIE VERRE OOSTE

As die Geallieerdes gedurende die afgelope twee jaar groot suksesse in Europa behaal het, dan kan nie dieselfde van hul oorlog in die Verre Ooste gesê word nie. Die oorlog in Birma bly maar 'n gesukkel, die Birma-pad is nog altyd gesluit en die Chinese bondgenote, een van die „groot vier", ly die een na die ander terugslag. Die Amerikaners het wel in die Stille Oseaan 'n paar eilande „bevry" en op Leyte, een van die ongeveer 7000 Filippynse eilande, geland. Die pad na Rangoon, Singapoer, Batavia, Manilla en Hongkong, om van Tokio nie eers te praat nie, lyk lang en vol hindernisse.

Oordrewe en ongeregverdigde optimisme wat gedurig aan „victory balls", „victory parades" en die spreekwoordelike beer se vel dink, kan net so gevaarlik wees as oordrewe en ongeregverdigde pessimisme. Die groot Duitser, Goethe, het in sy tyd 'n pessimis kernagtig beskryf as die enigste soort mis waarop niks groei nie!

## STALIN EN DIE WÊRELD VAN MÔRE

As daar onder die huidige oorlogvoerende staatshoofde iemand is wat rede vir optimisme het, dan is dit waarskynlik Josef Stalin. Nie alleen die oorlogsgebeure nie, maar die politieke konstellasie en materiële en geestelike ontwrigting wat uit die oorlog gebore word, mag die Russiese Kolos op die voorgrond bring soos nog nooit in sy lang geskiedenis die geval was nie. As die Geallieerdes die oorlog wen, dan is dit moeilik om te sien watter mag die Russiese Kolos in Europa en Asië kan keer.

In sy jongste redevoering het die Russiese diktator heelwat te sê gehad oor agressor-lande soos Duitsland en Japan. 'n Blik op die wêreldkaart behoort selfs 'n Stalin te oortuig dat daar ook ander agressor-lande is. Of het geweldige wêreldryke uit die hemel in die skoot van Amerikaners, Britte en Russe geval? Van groot belang is dit dat Japan, met wie Rusland nie in oorlog verkeer nie, as 'n agressor-land gestempel word!

Interessant ook is Stalin se verwysing na en beklemtoning van 'n na-oorlogse „internasionale organisasie, behoorlik toegerus om wêreldvrede en wêreldveiligheid te handhaaf". Dat hierdie „internasionale organisasie" sal bestaan uit die „grootmoondhede wat die leeue-aandeel gehad het in die oorrompeling van Duitsland", is volgens Stalin baie duidelik. As die huidige Russese optrede in lande soos Persië, Finland, Pole en ander lande 'n voorsmaak van na-oorlogse „eenheid en gekoördineerde optrede van die drie groot moondhede" moet wees, dan kan 'n mens jou voorstel watter soort bondgenootskaplike hartlikheid die wêreld tegemoet gaan. En as Stalin sy oorlogsbondgenote behandel soos hy vandag doen, hoe sal hy sy nie-bondgenote na die oorlog behandel?

# PROVINSIALE STELSEL

Daar heers op die oomblik dwarsdeur die land 'n geweldige tekort aan verpleegsters en honderde beddens staan leeg in hospitale omdat daar nie genoeg hande beskikbaar is vir die werk nie. Afgesien van die feit dat baie verpleegsters in die leër is, moet hierdie tekort ook toegeskryf word aan die gebrek aan opleidingsgeriewe. Nou verklaar min. Harry Lawrence verlede week dat die opleiding van verpleegsters nie die taak van die Unie-regering is nie, maar van die Provinsies. Dit is nie die voorneme om die toestand te verander nie, het hy bygevoeg.

Net soos in die geval van die gesondheidsverslag is dit die provinsiale stelsel wat in die pad van die volksbelange staan, maar politieke partye is teënsinnig om hierdie stelsel af te skaf, want die provinsiale rade dien as kleuterskool vir die beroepspolitici en daarby verskaf dit by 'n tweehonderd baantjies wat aan partyboeties uitgedeel kan word vir politieke dienste.

# STIG AF

Mnr. J. L. Brill, lid van die Johannesburgse stadsraad en voormalige L.P.R., het bedank uit die H.N.P. en aangekondig dat hy 'n Nasionale Party afgeskei van die H.N.P. gaan stig.

# OU TAKTIEK WEER IN GEBRUIK

## Bevel tot Aanval Vang Pers Onvoorbereid

Na verneem word het dr. Malan en sy raadgewers onlangs oorweeg watter rigting hul propaganda moet inslaan om die Ossewabrandwag vernietig te kry. Aanvanklik het die plan bestaan om die beweging te verkrummel deur alle lede verantwoordelik te hou vir die optrede van sommige onbekende persone, soos by voorbeeld die Mentz-geval. Toe dit egter blyk dat die enigste persoon wat vir hierdie daad aangekla is ,'n amptenaar is wat nie lid van die Ossewabrandwag kan wees nie, is van hierdie metode afgesien. Daar is toe besluit om net op dr. Van Rensburg te konsentreer en hom as 'n groot skeurder en vyand van die volk voor te stel. **Die sukses wat hierdie taktiek teen wyle genl. Hertzog gehad het, waar dit 'n man wat byna deur die volk verafgod was vernietig het, het dit 'n voor die hand liggende wapen gemaak.** Daar is toe opdrag aan alle Nasionale blaaie gegee om onverwyld los te bars op die leier van die Ossewabrandwag. Die Transvaler het by gebrek aan genoeg skietgoed 'n toespraak van dr. Malan wat byna **drie weke** tevore gehou is, in gewysigde vorm geherpubliseer, terwyl Die Burger weer ingespring het met 'n toespraak van adv. J. G. Strydom wat **meer as 'n maand** tevore in Die Transvaler verskyn het. In albei toesprake is hewig uitgevaar teen die O.B. Daar kan dan ook verwag word dat die volk in die volgende maande getrakteer sal word op die onsmaaklikste aanvalle op die persoon van dr. Van Rensburg.

Die groot verskil tussen die doodskinder van genl. Hertzog en die beoogde doodskindery van dr. Van Rensburg is dat die volk vier jaar gelede nog nie so op sy hoede was teen hierdie partypolitieke metode nie as wat hy vandag is. Die afgelope vier jaar het bewys hoe dr. Van Rensburg die een dag 'n volksverraaier genoem is en die volgende dag uitgenooi word om saam in 'n nasionale komitee oor die volk se vrywording te beraadslaag. **Ook onthou die volk nog die pragtige lofredes oor wyle genl. Hertzog 'n paar uur na sy dood uit die mond van dieselfde pers en leiers wat hom die vorige dag nog met verdagmaking en kleinering buite bereik van die volk gehou het.** Na sy dood, toe hy geen gewaande mededinger meer was nie, kon die gordyn van leuens en vooroordeel opgerol word. Die H.N.P.-leiers het toe nie rekening daarmee gehou dat hulle hierdie spel so gou weer sal moet herhaal teen iemand anders nie. Maar nou ken die volk dit.

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MôREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?
Bring dit na ons en sien die resultaat ! !
**ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.**
ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.
Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.
Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.
VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

**KERSFEESKAARTJIES**
*Kersfees en Nuwejaar kom! Bestel nou!*
Pragtigste versameling ooit aangebied.
Prys 6/- per dosyn posvry.
Kontant by bestelling.
*Alleen die Boerejeug-hoofkwartier is vanjaar deur die Organisasieleier gemagtig om kerskaartjies te versprei.*
Bestel regstreeks deur
Die Boerejeug, Posbus 5754, Spoorbondgebou, JOHANNESBURG.

# Word Mynwerkers Om Bos Gelei?

## Arbeidsminister Omarm Kapitaliste

**Waarheen wil Walter Madeley die goudmynwerkers van die Rand lei? Tot dusver het hy nog nie die werkers in sy vertroue geneem nie. Mens wonder of hy net so skugter en terughoudend was teenoor die Kamer van Mynwese, met wie se verteenwoordiger, kol. Stallard, hy saam in die kabinet sit.**

Die werkers se saak is duidelik. Lewenskoste in oorlogvoerende Suid-Afrika is hoog; en dit styg daagliks. En om vandag 'n gesin, na siel en liggaam in Johannesburg te onderhou, is bitter duur. Die werkers voel dat hulle geregtig is op 'n loonsverhoging, en hulle eis gevolglik dat hul lone met 30 persent vermeerder moet word. 'n Eenvoudige en billike eis.

Die mynwerkers het hulle eie vakbond, aan die hoof waarvan die sekretaris, mnr. Broderick, staan. **Dit is die taak en tewens die primêre plig van mnr. Broderick om die eise van die mynwerkers, wat hy verteenwoordig, aan die mynbase te stel en om alles in sy vermoë te doen om toe te sien dat die base aan die eise voldoen. Dit het mnr. Broderick nie gedoen nie.** Instede dat hy gestaan het op 'n loonsverhoging van 30 persent, het hy die vermetele aanbod van die mynbase om £500,000 vir utiliteitsdienste aan die werkers beskikbaar te stel, aanvaar. Hierteen het alle mynwerkers spontaan in opstand gekom. Hulle beweer dat as hierdie £500,000 wat nou op indirekte wyse aan hulle afgesmeer word, direk aan hulle uitbetaal sou word, **dit 'n daaglikse loonsverhoging per man van 3½d. sou beteken. Stel hierteenoor die loonsverhoging van 5d. per dag wat onlangs aan naturelle-werkers op die myne toegeken is!**

### IN STEEK GELAAT

Tereg voel die mynwerkers dat hulle deur mnr. Broderick in die steek gelaat is en dat hy op diktatoriale wyse gehandel het, sonder om die mynwerkers of hulle beste belange in die saak te ken.

Die mynwerkers wil tans van mnr. Broderick en sy bestuur ontslae raak en 'n nuwe bestuur kies om hulle eise te stel en hul belange te behartig. Hulle versoek dat die Minister van Arbeid, mnr. Madeley, so'n verkiesing gelas en dat dit onder toesig van die Departement van Arbeid moet plaasvind. Dis die eenvoudige versoek van die mynwerkers aan min. Walter Madeley. **Dis onbetwisbaar billik en regverdig.**

Maar, eienaardig genoeg, tot dusver kon mnr. Madeley nog nie besluit of hy vir die veronregte mynwerkers in die bresse gaan tree nie. Hy is nog besig om tyd te wen. Hy hou tans liefs samesprekings; dan met die veronregte mynwerkers, dan weer met Broderick en Kie. Die vraag ontstaan nou: **Wil mnr. Madeley die mynwerkers langs kronkelpaaie lei tot die aanvaarding, saam met Broderick, van die mynbase se 3½d.-aanbod, of wil hy EN Broderick, na uitgerekte samesprekings, eindelik 'n brandsiekkonsessie vir die mynwerkers verkry, wat laasgenoemde dan tot skiklikheid moet paai en vir Broderick eervol weer in sy posisie moet herstel?**

Dan sou die joviale mnr. Madeley sy snor kan draai en sy kierietjie kan swaai en die mynbase sou 'n glasie kan klink.

Ons hoop nie dat dit die plan is nie. As dit egter nie die plan is nie, waarom snel mnr. Madeley dan nie onmiddellik die mynwerkers te hulp nie? Mnr. Madeley moet onthou dat hy nie as leier van die Arbeidersparty **teen** die kapitalisme kan **praat** nie, en terselfdertyd as lid van 'n kapitalistiese kabinet **ten bate** van die kapitalisme kan **handel** nie. Selfs die luimige mnr. Madeley sal dit nie aanhou regkry om tussen twee stoele te sit nie.

### O.B.-STANDPUNT

Die Ossewabrandwag se standpunt t.o.v. die kapitalistise uitbuiting van die werker is duidelik. **Hierdie goddelose wanpraktyk sal nie stopgesit word deur hand-om-die-nek met die kapitalisme te sit nie. Kapitalisme moet geheel en al uitgeroei en vernietig word, en dit moet vervang word deur 'n heilsame volkseie sosialistiese stelsel wat die menswaardige bestaan van elke burger sal waarborg.**

Ten einde hierdie noodsaaklike strewe van hom te verwesenlik, roep die Ossewabrandwag die hele volk op tot stryd op alle terreine van die lewe. Aan alle vakbonde bied die O.B. die steun van die hele georganiseerde volksbeweging aan in enige regverdige stryd wat hulle mag aanknoop teen die bose magte van uitbuiting en viktimisasie.

## AFPERSING VAN VLEIS VIR ENGELAND

Die Minister van Landbou het verlede week 'n spesiale premie vir vleis aangekondig. Dit wissel van 2s. 6d. tot 7s. 6d. per 100 pond en is bedoel om produsente te oorreed om hul slagvee nog hierdie maand na die mark te stuur. Die aankondiging het o.a. as volg gelui: „By verskillende geleenthede het ek aan die publiek verduidelik dat die huidige akute vleistekort grootliks 'n seisoentekort is wat aansienlik vererger is deur die klimaatsomstandighede. Dit is derhalwe begryplik dat produsente huiwerig is om nou hul beeste te bemark wat as gevolg van die milde reën vinnig besig is om te verbeter en spoedig aan gewig en graad sal toeneem". Die premie moet dan dien om die bemarking ten spyte van die swak gehalte aan te moedig.

**'n Week tevore het dieselfde Minister egter gesê dat die tekort daaraan gewyt moet word dat ons 'n jaar se beeste ekstra vir oorlogsdoeleindes geslag het en dat ons aan ons kapitaal geëet het. Hy het gesê die land se vleisvoorrade is so uitgeput dat daar verlede jaar tot 28 persent aanteelvee geslag moes word.** En nou kom hy weer met hierdie storie om die bietjie wat oorgebly het verder in te palm vir Engeland se oorlogvoering. Hierdie wenk kom seker van Londen af, vandaar die afwyking! As so'n maatreël bedoel was om die vleishonger in die land te stil, sal niemand die Minister kwalik neem nie, maar hy het uitdruklik aan die vroue-afvaardiging gesê dat ons nog voortgaan met die uitvoer van vleis na Engeland, **en oor die draadloos het hy aangekondig dat ons 85 persent van ons produkte vir die Geallieerde magte gaan uitvoer en net 15 persent vir eie gebruik hou. Van die vleis wat die regering nou wegskeur van die boere onderwyl die vee in 'n swak toestand is, gaan Suid-Afrika slegs 15 persent self opeet.** Ons vee word opgeslag vir Stalin se wêreldoorheersing. Laat die regering hierdie sinlose plundering staak en Suid-Afrika sal genoeg vleis hê vir sy eie behoefte.

## HOPEFIELDSE BOEREJEUG VIER HELDEDAG

Die Boerejeug van Hopefield het Heldedag op aangename wyse gevier. Die lede het self die program opgestel en die goedgeslaagde funksie georganiseer.

Nadat met gebed geopen is, het een van die lede „President Steyn" van Jan Celliers op treffende wyse voorgedra. Daarna was daar boeiende toesprakies oor „Helde van Suid-Afrika" en „Paul Kruger" deur die lede self gehou. Sangnommers was ook op die program.

Terwyl almal op aandag gestaan het, het een van die dogters die name van die vernaamste helde van Suid-Afrika voorgelees. Ten slotte is „Die Stem van Suid-Afrika" uit volle bors aangehef, waarna daar volkspele gespeel is.

Hierdie Boerejeug-eenheid vergader dikwels om interessante programme af te handel, en steur hulle nie aan die propaganda van die politici nie. —(Ingestuur.)

## POLITICI IN ROL VAN DRUKKERSDUIWEL

### Foutiewe Aanhalings

In hul nuwe stryd teen die Ossewabrandwag gebruik die politici heelwat aanhalings uit O.B.-verklarings om die gewaande verkeerdhede van die Beweging te „bewys". Dit is egter gevaarlik om sonder meer aan te neem wat hierdie mense beweer. **Hulle gee baie selde 'n korrekte aanhaling en wanneer hul weergawe vergelyk word met die oorspronklike is daar dikwels 'n ingrypende verskil.** So het dr. Malan by voorbeeld onlangs op Uitenhage uit Die O.B. van 20 September aangehaal en sy toehoorders laat verstaan dat genl. Smith **tydens die Uniale kongres van 3 Junie 1941** in Bloemfontein 'n offisierslaer gehou het waarop besluit is om die Ossewabrandwag in 'n „politieke party" om te skep. Soos elkeen in Die O.B. van daardie datum kan lees, het genl. Smith na 'n offisierslaer verwys wat **drie maande na dr. Malan se verwerping van die Eenheidskomitee** (en dus van die ooreenkoms van 3 Junie) gehou is, en dat daar nêrens van 'n party sprake was nie, maar van 'n volksbeweging.

'n Ander voorbeeld is 'n aanhaling van adv. J. G. Strydom in Die Vaderland van 1 November. Hy verwyt prof. Du Plessis dat hy nou 'n „nasionaal-sosialis" is, waarmee hy bedoel 'n man wat die Duitse lewensopvatting toegedaan is. Om dit te bewys haal hy uit Die O.B. van 27 Sept. 1944 as volg aan. „Die O.B. leef Nasionaal-sosialisme uit. K.G. antwoord adv. Pirow. Tegelykertyd wil die O.B. sê dat nasionaal-sosialisme o.i. 'n lewensbeskouing is en in die eerste plek uitgeleef en nie juis verklaar moet word nie!"

**Elkeen kan Die O.B. van daardie datum naslaan en kyk of hy hierdie woorde so daarin vind.** Die werklike woorde was: „Die O.B. leef Nasionale Sosialisme uit. K.G. antwoord adv. Pirow. Tegelykertyd wil die O.B. sê dat die nasionale sosialisme o.i. 'n lewensbeskouing is......" ens. Daar is 'n groot verskil tussen nasionale sosialisme (wat 'n algemene begrip is) en die Nasionaal-sosialisme (wat 'n spesifiek Duitse staatsopvatting aandui).

Dan haal adv. Strydom verder aan uit 'n toespraak van die K.G. te Crosby op 1 Mei 1944: „Vir die eerste keer in die politieke geskiedenis van die land is daar 'n nasionaal-sosialistiese Republikeinse arbeidsbeweging!" Die werklike woorde van die K.G. volgens Die O.B. van 10 Mei het gelui: „Vir die eerste keer staan 'n nasionaal-revolusionêre beweging wat dwarsdeur Suid-Afrika wortel ingeslaan het agter die werker en sy strewe teen die kapitalistiese uitbuiting". Die verskil is in die ooglopend. **In albei gevalle plaas adv. Strydom sy „aanhalings" tussen aanhalingstekens. Dit beteken dat hy aan sy leser 'n suiwere en letterlike weergawe waarborg. En kyk net die verskil!**



NEEM TOE IN POPULARITEIT




IN 'N VERANDERENDE WêRELD

Kommando -SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH2274

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU !

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

HUURGELD IS BLOEDGELD

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

Wesrand Eiendoms Verkonings (Edms.) Beperk

Posbus 26 Foon 62-1115

M A R A I S B U R G

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

ONS EIE BOEKE

Kan Ons Aanbeveel.

VERNAME PERSONE
deur Dr. E. Stockenström 6/6 p.v.

DIE AFRIKAANSE VROU
deur Dr. E. Stockenström 6/6 p.v.

SAAM VERBAN
'n Verhaal uit die Anglo-Boere-oorlog
deur Mev. M. J. v. Straten 5/- p.v.

MARYNA — 'n roman
deur Malherbe-Carinus 5/- p.v.

MIETES EN SAGES
Ou Griekse legendes
deur Mev. Dr. P. v. Braam 6/6 p.v.

SKANDINAWIESE VERTELLINGE
deur Prof. A. C. Bouman
en Prof. C. F. S. de Villiers 5/6 p.v.

DIE OU BYBEL
'n Verhaal uit die tyd van die Hugenote-vervolging
deur S. Niemeyer 3/6 p.v.

VIR KINDERS
Kinders van die Boerevrou 6/6 p.v.

ANNA DIE VOELTJIE
en ander verhale 1/6 p.v.

TWINTIG SKOOLLIEDJIES 3/- p.v.

Bestel van

Pro Ecclesia-Drukkery (Edms). Bpk.

POSBUS 28 STELLENBOSCH

DEFTIGE
SOMERSHOEDE
in groot verskeidenheid
by
Steyns
Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
KAAPSTAD

●

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

●

BESTE HEERSENDE PRYSE.

●

*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

***AANDAG!!***

**EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.**

Bestel direk van Produseerder
JOHN SCHOEMAN,
„EXCELSIOR"
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

**LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.**

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

**KOTZÉ.**—Aan mnr. en mev. A. J. Kotzé, „Dagbreek", Moorreesburg, 'n fris seun op die 31ste Oktober. Ons is dankbaar.

### VERLOWING

**BEKKER — STAPELBERG:** Die verlowing word bekend gemaak van Grace, enigste dogter van mnr. en mev. W. H. Bekker, Debron, Vryburg, en Jannie, seun van mnr. en mev. Tienie Stapelberg „Openside," Vryburg.

### DOODBERIG

**VISSER.** — Sag heengegaan in die vroeë môre van Sondag, 29 Okober 1944, ons geliefde eggenote en moeder, Matty, (gebore Compion), na 'n siekbed van byna drie maande. Ons swyg, dit was U wil. Koos en Rian.

**BOTHA.** — Innige deelneming met Veldkt. Danie Botha, weens verlies deur die dood van sy beminde eggenote, Adjudante G. Botha, op 1 November 1944. Familie Kilian, Middelburg, Tvl.

### IN MEMORIAM

**WILSON.** — Met harte wat brand van verlange dink ons terug aan 18 Nov. 1943, toe van ons tragies geneem is ons babaseuntjie Pieter. Kleine sonskyn, ons geluk — Klein roosknop uit ons tuin gepluk. O! die skeiding was so gou — Liefling ons verlang na jou. Pappie, Mammie, Edmond, Philip en Marina.

### DANKBETUIGING

**VISSER.** — Hiermee betuig ek en Rian ons innige dank aan ouers, broers, susters, familiebetrekkinge en vriende(inne) vir hulp ten tye van die siekte van ons eggenote en moeder, en vir blyke van deelneming by wyse van kranse, telegramme en briewe ten tye van haar heengaan. Spesiale dank aan ds. en mev. J. D. Vorster vir hul hulp, getroue besoeke en opregte gebede. Koos en Rian Visser, Van Ryneveldlaan 4, Duiwekop.

### BETREKKING VAKANT

**AFRIKANERS BENODIG.** — Seuns met std. 6 tot 8 kan met bietjie opleiding £15 tot £18 per maand verdien. Skryf dadelik om besonderhede aan **B.V.B., Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

**APPLIKASIES** word ingewag vir ons kwekery-kantoor te Eikenhof: (a) Tweetalige Snelskriftikster; (b) Kantoor-Assistente; (c) Mansklerk. Almal gekwalifiseerd, en met of sonder ondervinding. Losies word hier gereël. Sertifikate en indien moontlik 'n kiekie. Koevert gemerk „APPLIKASIE" aan:—
HERHOLDT SE BOOMKWEKERY,
Posbus 660, JOHANNESBURG.

**BENODIG** begin Januarie, (1) moedershulp vir seuntjie van 18 maande. (2) Diensmeisie vir algemene werk met kennis van kook. Beginsalaris vir albei £4 per maand plus uniform. Skryf en sluit in getuigskrifte van gedrag en bekwaamheid aan **Van Zyl,** Tullyallenweg, Rondebosch.

**BENODIG.**—Onderwyseres of onderwyser met ondervinding, volgens Goewerment-stelsel, Afrikaans-medium, vir 3 seuntjies. Een beginner, 2 in Std. III. Moet Afrikaanssprekend wees. Te begin 1ste kwartaal 1945. Meld salaris met vry inwoning aan W. J. **Goosen, Quaggasfontein, P.K. Halseton, oor Sterkstroom.**

**BENODIG** 'n ongetroude voorman vir gemengde boerdery op plaas in Wellington distrik. Salaris volgens bekwaamheid. Rig aansoeke tesame met vermelding van ondervinding en getuigskrif van plaaslike O.B.-Kommandant aan: **C. D. Cillie, P.K. Blouvlei, Wellington.**

### PERSOONLIK

**HOE DRYWE U?** — Drywe u soos 'n voorhammer of soos 'n kurkprop? Diegene was soos 'n kurkprop drywe kan nie verwag om anders as tussen die afdrifsels te beland nie. Vra die **Akademie vir Selfstudie, Posbus 584, Pretoria,** vir sy gratis brosjure oor **„Persoonlike Magnetisme en Selfverbetering"** — reeds by sommige bekend vir sy metodes wat dinamiese dryfkrag ontwikkel.

**ONDERSTEUN** 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. **Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

**BARBICAN-ATELJEE. — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6756.**

**EXCELSIOR HAARSNYERS SALON. Sewe Haarsnyers in diens. Sigarette, Boeke, Skilderstukke ens. Ons herstel ook horlosies. Volkskasgebou, Markstraat 76, Johannesburg. Eienaar J. J. Boshoff.**

**DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

**POPULêRE RESTAURANT;** Langstraat 164, Kaapstad, foon 2-1995. Smaaklike etes en gesellige atmosfeer. Ontvangste en spesiale dinees vir 32 mense kan gereël word. Sondae ook oop.

### PERSOONLIK

**ONDERSTEUN** 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle ander benodighede. **Carolinestraat 95, Brixton.** Foon 35-1879.

**ONMOONTLIK?** Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is, en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie.— „THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE", Posbus 1336, Kaapstad.

**RAADPLEEG H. J. van Zyl, 12de Straat 85,** Parkhurst vir die koop van 'n huis op die Rand en vir enige vorm van Assuransie.

### TE KOOP

**BOEGOE.** — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15&- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Bus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudtshoorn.**

**BESTEL** dadelik dagoud kuikens vir November aflewering. 1,000 Australorps, 1,000 Leghorns en 1,000 kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Beskikbaar weekliks. Prys £5 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoon 6203.**

**ESTELLA JERSEY STOETERY** bied u aan 4 graad Jerseybulletjies, 18 en 19 maande. Vader „Uitkamp Matador". Oor 6 perst. bottervet. Bulletjies se moers is dogters van „Lone Crak, Silver King", elfduisend pond melk in 300 dae. Bottervet 576 lb.. Self gebruik. Prys £18, gelewer Emmaus, K.M.B. **G. D. van der Merwe, Waveren, Pos Emmaus-Sylyn.**

**FRIESBUL.** — Pragtige dier, goedgekeur (nie geregistreer nie). £25 gelewer Klaasvoogds-stasie. Skryf aan **S. F. Breytenbach, Bus 13, Robertson.**

**FRIESBUL** te koop, vyf jaar oud, in goeie kondisie. Skryf aan **P. Fick, Belgravia, Paul-Roux.**

**GROENTEPLANTJIES.** — Australiese Bruin Uieplantjies. 2,000, 9/-; 10,000, 38/-; Gewortelde Arbeiplantjies, 100 5/-; 200 9/-; 400, 16/-. Goeie verpakking. K.M.B. Posvry. **L. M. van Niekerk, Tadcaster, K.P.**

**KARAKOEL KRUIS-OOIE EN WISSELOOILAMMERS.** Almal jonk, geteel uit Persie-ooie en suiwer A Pypkruil ramme uit Grootfonteinstoet. **I. J. Haarhof en Seuns, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

**KOOP u meubels by 'n mede-Afrikaner teen** billike pryse. Gratis verpakking. Skryf om besonderhede. **Springbok-Meubels, Spencerweg 18, Sout Rivier.**

**MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

**O,** dit is „Cool Grisp" Komkommersaad; 17/- per pond, 9/- halfpond. Chantenay en Nantes wortelsaad 12/- per pond, 7/- halfpond.

**BEETSAAD,** Egiptiese plat, 15/- per pond, 8/- halfpond. Australiese Bruin uiesaad, 6/- per pond, 4/- halfpond. Alles gesertifiseer. Beperkte voorraad. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Oudtshoorn Premier Saadkweker, „Bus-en-Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

**PATATRANKE.** — Topranke nou bekwaam vir plant. Sesmaande soort 8/- per duisend, driemaande soort (Borrie) 9/- per duisend, gelewer Plathuis-sylyn. Meld u stasie en stuur kontant met bestelling. **A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.**

**PATATRANKE.** — Nou reg vir plant. Borrie en wit teen 12/6 per duisend. Sesmaande teen 8/6 per duisend. K.M.B. Gelewer op Serpentine Sylyn. **P. J. Gerber, C./sn., Hoekwil, George.**

**SOUT SOUT SOUT**
**KOOP U SOUT BENODIGHEDE VAN ONS ONMIDDELLIKE AFLEWERING!**

No. I.: Gemaal 8/6 per 200 pd sak; Grof 6/6. No. 2: Gemaal 8/-; Grof 6/-. No. 3: Gemaal 7/6; Grof 5/6. V.O.S. Redlands Sylyn. Kontant met bestelling aan Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska, K.P.

**SPEELSKEIE.** — Bottelskeie teen 3/9; vierkantige koppe teen 4/6. **Koos Botha, P/s. Serpentine, Dist. George.**

**SPINWIELE.** — Met „winder" £6-10-0, sonder „winder" £5-10-0. K.B.A. **T. B. Neser, P.K. Marquard, voorheen Rodenbeck, Bloemfontein.**

**VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terasso, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: P. W. en F. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

### WYNE

**5 GELLING** Muskadel-likeur £2-12-6; anker £3-17-6. **5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 4, Bonnievale, K.P.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.**

## *VERJAARDAGKETTING*

**16 Nov.:** Hubrecht Jordaan, Sutherland; Christiaan van der Westhuizen, Wellington; Jasper A. J. Visser, Nababeep; J. Retief, Bellville; Hendrik P. Taljaart, Bosbokrand.

**17 Nov.:** Jan Moolman, Cradock; Abraham du Plessis, Sutherland; Johannes P. van der Merwe, Hiervlei; Elise Hattingh, Tarkastad; George van S. van der Westhuizen, Vlottenberg; Johannes W. Pretorius, Middelburg, Tvl.; Helena C. J. Maas, Wesselsbron; Christof Visser van der Westhuizen, Vlottenberg.

**18 Nov.:** Adriana Klue, George; Dinah du Toit, Kakamas; Christiaan W. Myburgh, Merweville; Petrus J. J. van Vuuren, Merweville; Maria W. Holloway, Strand; Willem A. van Niekerk, Alheit.

**19 Nov.:** Elizabeth Vernooi, Beaufort-Wes; Japie A. Botes; Beaufort-Wes; Petrus Havenga, Port Elizabeth; Grieta Wilken, Pearston; Anna Kruger, Tiervlei; Gert Brink, Sutherland; Ella Rossouw, Duiwelkop; Jurina M. Upton, Port Elizabeth; Schalk W. Byleveld, Aughrabies; Rhona Botha, Sidwell; Hilda Morland, Franschhoek; Johannes P. de Wit, Boesmanskop; Petrus Badenhorst, Paarl; Lombard Jacobs, Amalia.

**20 Nov.:** Susie Finlay, Stellenbosch; Elise Smith, Malmesbury; Jacoba P. Hanke; Kirkwood; Jacobus J. C. Nell, Port Elizabeth; Anna M. Kotze, Nababeep; Annette Spengler, Bellville; Cornelia C. Olivier, Witkop; Jacoba D. Visagie, Witkop.

**21 Nov.:** Anna C. Zwart, Aughrabies; Gert du Plessis, Sutherland; Wilna Engelbrecht, Bellville; Susanna Dercksen, Carnarvon; Dirkie E. A. Viljoen, Groot Marico; Gertruida M. M. van Jaarsveld, Magalieskraal.

**22 Nov.:** John Conroy van der Merwe, Kromrivier; Abraham Esterhuyse, Sutherland; Carl J. J. de Ridder, Kirkwood; Susanna van Vuuren, Kirkwood; Susan Kruger, Rustenburg; Hennie Botha; Koedoeskop! Hester J. Nel, Bethlehem.

## HUISLOSES OP BRITSE OORLOGSALTAAR

Min. S. F. Waterson het verlede week op Stellenbosch gesê dat die vertraging in die bou van huise veroorsaak is weens die feit dat 25 persent van die beskikbare boumateriaal uitgevoer word na Indië en die Verre Ooste vir oorlogsdoeleindes. Hy het ook gesê dat die Unie genoeg buitebande vervaardig vir die land se gebruik, maar dat 80 persent aan die Geallieerde magte gelewer word.

## WYNANDSRIVIER

Wynandsrivier, Oudtshoorn, het met hul O.B.-dagfunksie vanjaar £60 ingebring vergeleke met £50 verlede jaar. As sprekers het opgetree genl. Jurgens Schoeman en komdt. J. Hurter.

By geleentheid van 'n byeenkoms op 9 Junie het genle. J. S. du Toit aan die kinders elk ses pennies gegee om verversings te geniet. Johan Swart het sy geld huis-toe geneem en daarmee gaan woeker. Met O.B.-dag het hy 3s. 6d. teruggebring.

## BELLVILLE VOORUIT

Die kommando van Bellville het op 23 Oktober 'n gesellige byeenkoms ten huise van komdt. P. F. D. van Niekerk gehad om die Noodhulpfonds te styf. 'n Mooi bedraggie is uit die verkoop van verversings ingebring. By dié geleentheid is deur die manskommando twee boeke aan die vroue oorhandig vir hul biblioteek as blyke van erkentlikheid vir wat hulle gedoen het. Komdte. Ferguson-Louw het die boeke ontvang. **Die Bellville-kommando het in die afgelope tyd vinnig gegroei en sy ledetal het met byna veertig persent toegeneem.**

## MINISTER SE HONDE LEKKERBEKKIG

Toe mnr. J. G. N. Strauss, Minister van Landbou, 'n tydjie gelede gekla het dat sy hart bloei oor die vleishonger van sy honde, katte en bediendes, het 'n Durbanse slagter aan hom vyf pond walvisvleis gestuur met die versoek om dit te deel met min. Hofmeyr, wat glo ook gekla het. Na in die Engelse pers berig is, het die vleis in ietwat bedorwe toestand in Pretoria aangekom. Die Minister, aldus die berig, het dit toe aan drie lede van die personeel van die Landbou-departement uitgedeel. Die berig het nie verduidelik of die smaak van mnr. Strauss se katte soveel hoër ontwikkel is as dié van die drie amptenare s'n, dan wel of laasgenoemde se hongersnood soveel hoër was nie.